

# Terugblik

# Onthou jy nog? ...



HEILBRON HERALD, VRYDAG 15 FEBRUARIE 2002  
HEILBRON SKOU WENNERS  
Die drie wenners van die voorskoolse afdeling is vlnr: René Labuschagné (tweede prinses), Larochelle Cilliers (wenner), Erin Watson (eerste prinses).



In die ouderdomgroep 6 tot 9 jaar is die wenners soos volg vlnr: Alrine Jones (tweede prinses), Christelle Weilbach (wenner) en Bonquet Myburgh (eerste prinses).



In die ouderdomsgroep 10 tot 14 is die wenners soos volg vlnr: Eve Roets (tweede prinses), Bruzienne Goosen (wenner) en Welmé Els (eerste prinses).

## Huis- & Tuinbouklub

Die Huis- en Tuinbouklub nooi alle dames hartlik uit na hulle vergadering op Woensdag, 14 Maart 2018 om 10:00 op die plaas Leeuwoort, woning van Wilna Weilbach.

Le Roux van Vuuren, bekende gesig op Kokkedoor, is die spreker vir die oggend, waar hy ook 'n demonstrasie

oor granate gaan aanbied. Bekende Efekto verteenwoordiger Chris Smith gaan hulle meer inlig oor die nuutste produkte op die rak. Dit belooft om 'n heerlike, saamkuier oggend te wees. Besoekers baie welkom. Vir enige navrae kontak Wilna Weilbach 072 198 5863.



## Briewe aan:

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die redakteur.

Wat sal ek sê, 'n basaar was nog altyd vir my groot vermaak. Daar is te kies en te keur! En dit was volop! Die belangrikste om te sê is dat die Here só goed was om die baie en die lekkerste aan ons beskikbaar te stel. Wat 'n voorreg om dit alles uit Sy hand te ontvang.

As jy van die een tafel na die ander loop, kan jy net Genade om jou waarneem.

*Redakteur*

Baie dankie aan al die ywerige en opofferings van die baie gemeentede en ook al hulle bydraes.

Alles was puik. Dankie ook aan al die ondersteuners vir finansiële bydras. Dis 'n groot onderneming 'n basaar. Ek glo alles is in liefde gedoen.

Die Here seën julle.

Tannie Heléne  
Huis Bron-van-Heil  
Posbus 806, Heilbron, 9650

		3		9	2			
4				3				1
2	7							
	1		3					8
	5		1	6	7		3	
3					8		6	
							5	3
	3			8				9
			6	2		1		

### SUDOKU

Each grid is made up of nine columns by nine rows. This grid is then divided into groups of nine boxes giving a total of nine blocks. Each of these nine blocks must have the numbers 1 to 9 placed in them, but here is the catch - no row and no column can have any number repeated so your job is to place the numbers in the boxes without repetition in the rows and columns.

# Voorkom leesprobleme só

• Saamgestel deur Tokollo  
Rehabilitasiespan

Fonologiese bewusheid is om bewus te wees dat sinne uit woorde, woorde uit lettergrepe, en woorde uit klanke bestaan. Fonologiese bewusheid is 'n voorvereiste vir lees- en skryfvaardighede.

Dit word deur die meeste kinders tydens graad R verwerf (Van Kleeck, 1998). Dit is ook 'n voorspeler van kinders se leesvermoë (Snow, Burns en Griffen, 1998).

Slegte fonologiese bewusheidsvaardighede, sal heel waarskynlik lei tot leesprobleme in die toekoms. Deur die loop van die jaar, sal 'n reeks aktiwiteite in die koerant geplaas word om hierdie vaardighede te bevorder. Daar sal begin word by basiese vaardighede, en daarna sal daar aanbeweeg word na moeiliker vaardighede toe.

Knip die volgende oefenblad uit en doen die aktiwiteit as volg: Byvoorbeeld- In oupa is daar 2 klappies (1.ou 2.pa). Probeer nou self en klap die volgende woorde:

Prent	Woord	ver	Klap
	geskenk	ge	skenk
	kersies	ker	sies
	koekie	koe	kie
	glimlag	glim	lag

Bronne: Heath, H. (2015). Fonologiese bewusheid [Lesingsnotas]. Gekry vanaf <http://learn.sun.ac.za/my/>

## Heilbron Dienssentrum bied aan Middagkonsert

Met  
**Prof. Theo van Wyk**  
Universiteit van Pretoria



BMus, BMus (Hons) Cum Laude;  
MMus Cum Laude; DMus

lets van  
**Bach tot Vandag**

**Datum & Tyd:**  
Saterdag 17 Maart 2018 om  
14:00

**Plek: NG Heilbron Suid  
Toegang gratis**

## Heilbron Herald OUTDOOR BRANDING

Valid Until 15 March 2018  
058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za



**COMBO 1**  
1x Aluminium Gazebo (3m x 3m)  
2x Pop-up Banners (1.5m x 0.7m)  
2x Director Chairs  
4x 3m Telescopic Banners (Singlesided)  
1x Folding Table  
1x Fitted Table Cloth  
Was R14,695.00  
Now **R12,995.00**  
excl VAT  
Spaar R1,500.00

**COMBO 2**  
1x Parasol with base (2m x 2m)  
2x Pop-up Banners (1.5m x 0.7m)  
2x Director Chairs  
2x 3m Telescopic Banners (Singlesided)  
Was R7,495.00  
Now **R6,495.00**  
excl VAT  
Spaar R1,000.00

ALL PRICES INCLUDE FULL COLOUR PRINT

PRICES EXCLUDES VAT AND DESIGN COST